

'N PLEIDOOI VIR 'N MEER OMVATTENDE HERVERDELINGSBELEID¹⁾

S.J. Terreblanche

Ek wil vanaand 'n pleidooi lewér vir 'n meer omvattende herverdelingsbeleid om die skerp ongelykhede in die verdeling van persoonlike inkome te versag, ofte wel, vir beleidsmaatreëls ter ontwikkeling en opheffing van die anderskleurige bevolkingsgroepe wat in effek op 'n redelike groot oordrag van inkome of welvaart vanaf die ryker (hoofsaaklik blank) na die armer (hoofsaaklik anderskleurige) bevolkingsgroepe sal neerkom.

Voordat ek met my eintlike betoog begin, is dit missien gewens dat ek sommige van die populêre, maar ongegronde, opvattinge rondom die herverdelingsproblematiek uit die weg sal ruim.

1. Ongegronde opvattinge rondom die herverdelingsproblematiek

(a) Eerstens, kry ek die indruk dat daar in blanke kringe - sowel regs as links op die politieke spektrum - 'n redelik wydverspreide emosionele blokkasie teen die gedagte van 'n herverdeling van inkome bestaan. Enige voorstel omtrent 'n doelbewuste beleid ter wille van die herverdeling van inkomste, ontlok blykbaar net soveel - en selfs nog groter - weerstand as voorstelle omtrent politieke magsdeling: alhoewel nie noodwendig in dieselfde kringe nie. Gelukkig het dit nou deel van regeringsbeleid geword om politieke magsdeling - weliswaar verantwoordelike magsdeling - tussen blankes, Kleurlinge en Indiërs te bewerkstellig. Alhoewel magsdeling op politieke terrein en die herverdeling van inkome op ekonomiese terrein nie noodwendig tweelingbroers is nie, is hulle tog redelik naby familie van mekaar. Ek wil aanvoer dat die behoefté aan 'n herverdeling van inkome bestaan ongeag of politieke magsdeling geskep of nie geskep gaan word nie of nie in 'n voldoende mate geskep gaan word nie. Juis daarom is dit nodig dat die emosionele weerstand teen die herverdeling van inkome op ekonomiese terrein net so oorkom sal word soos wat die ooreenstemmende weerstand teen die idee omtrent magsdeling op politieke gebied, in ten minste verantwoordelike kringe, oorkom is.

1) Voordrag gehou by geleentheid van die jaareind dinne van die Pretoria-tak van die Ekonomiese Vereniging van Suid-Afrika op 23 November 1982. Ek betuig graag my dank aan die Buro vir Marknavorsing vir die statistiese gegewens wat tot my beskikking gestel is.

- (b) Tweedens voel sommige van my kollegas blybaar beswaard wanneer daar vir 'n herverdeling van inkome gepleit word. Hulle het blybaar nie beswaar wanneer 'n mens vir 'n herverdeling - of liewer 'n beter verspreiding - van geleenthede of vir 'n Operasie Swart Opheffing & Ontwikkeling pleit nie. Ek kan geen rede sien waarom 'n mens nie die internasionaal erkende term van 'n herverdeling van inkome kan gebruik nie. Indien beleidsmaatreëls getref word om 'n heelwat beter verspreiding van geleenthede te bewerkstellig of as 'n redelik groot-skeepse opheffingsprogram van stapel gestuur sou word, sal dit in effek ook op 'n redelike groot oordrag van inkome (of welvaart) vanaf die blanke gemeenskap na die Swart gemeenskappe neerkom en 'n herverdeling van inkomste (of welvaart) bewerkstellig.
- (c) Derdens word beswaar gemaak teen 'n omvattende herverdelingsbeleid omdat so 'n beleid 'n gelyke verdeling van inkome as einddoel sou hê en dat so iets nie alleen onwenslik is nie, maar ook baie skadelike gevolge sal hê. Ek sou graag die man wat hom vir 'n gelyke verdeling van inkome in Suid-Afrika (van alle lande) beywer, wil ontmoet. Hierdie soort moedswillige wanvoorstelling van die doel van 'n herverdelingsbeleid, verdien eintlik nie om weerlê te word nie. Ek wil dit tog bo alle twyfel stel dat ek my hoegenaamd nie vir 'n gelyke verdeling van inkome beywer nie, maar slegs vir 'n meer aanvaarbare verdeling van inkome en vermoëns omdat so 'n verdeling baie bevorderlik vir die verhoging van die sosiale welvaart kan wees. In aansluiting by die politici sal ek maar sê dat ek graag 'n pleidooi vir 'n verantwoordelike herverdelingsbeleid wil maak maar bysê dat só 'n verdelingsbeleid na my mening op 'n aansienlike oordrag van inkome (welvaart) vanaf die ryker (hoofsaaklik blanke) na die armer (hoofsaaklik anderskleurige) bevolkingsgroep behoort neer te kom en alleen kan slaag as die toepaslike struktuurveranderings in ons ekonomiese en politieke stelsel aangebring kan word.
- (d) 'n Vierde wanopvatting is dat 'n herverdelingsbeleid teen die grein van die vrye markekonomie gaan en uit pas is met die jongste strominge in die V.S.A. en Brittanje. Met die beste wil ter wêreld, kan ek nie insien hoe mense na die Suid-Afrikaanse ekonomie as 'n vrye-markekonomie kan verwys nie en hoe die vryemarkretoriek ad rem in ons situasie kan wees nie. Dit is so 'n deursigtige verregse ekonomiese ideologie om die gevestigde belang van 'n deel van die ryk bourgeoisie te probeer beskerm, dat die Freemarketeers hulle propaganda gerus maar kan staak. As herverdelingsmaatreëls teen die grein van die vryemarkteconomie gaan, kan dit my nie in die minste ontstel nie, want wat my

betref gaan dit dan teen die grein van hout wat nie bestaan nie! In die markgeoriënteerde ekonomie wat wel in Suid-Afrika bestaan, het herverdelingsmaatreëls wel 'n belangrike rol te speel, soos ek hieronder sal aantoon.

In 'n referaat wat Prof. Jan Lombard vroeër hierdie maand voor die Jaarlikse Kongres van die Vryemark Stigting gehou het, probeer hy stemming maak teen owerheidsdeelname aan die ekonomie en teen herverdelingsmaatreëls na aanleiding van die oordadighede en die vermor sing wat vry algemeen in die sogenaamde Welvaartstate van die Weste voorkom. Alhoewel daar geen twyfel kan bestaan oor die behoefté aan 'n grootskeepse rasionalisering in sowel die betrokke owerhede se bestedings as in hulle finansieringpatrone nie, is dit darem 'n bietjie vergesog om in daardie lande se ervaring 'n regverdiging te vind waarom die staat nie sy welvaartsdienste aan anderskleuriges moet uitbrei nie en waarom hy nie formeel 'n omvattende herverdelings beleid van stapel moet laat loop nie. Die soort argument wat Prof. Lombard aanvoer, kan miskien wel van toepassing wees wanneer 'n vermindering van owerheidsbestedings wat die blankes in Suid-Afrika tot voordeel strek ter sprake is, maar beslis nie wanneer dit gaan om die sogenaamde Derde Wêreld-sektor van Suid-Afrika nie. Ek wil 'n ernstige beroep op my kollegas maak dat hulle hulle asseblief beter moet posisioneer oor Suid-Afrika se tydruimtelike posisie en veral daarteen moet waak om moontlike geoorloofde "regse" of reaksionêre ekonomiese denkstrominge in sekere Westerse lande - gegewe daardie land se ideologiese spektrum - sommer sító-sító op Suid-Afrika van toe passing te probeer maak. Vir ons - wat uiteraard 'n heeltemal ander soort ideologiese spektrum het - lê daar nog 'n lang pad in die humanisering van ons ekonomiese en politieke stelsel voor, voordat ons ons daardie "regse" weelde kan veroorloof wat nou populêr in sekere Westerse lande geword het.

- (e) 'n Vyfde beswaar teen 'n herverdelingsbeleid, is dat dit kwansuis op Sosialisme sal uitloop. Diegene wat 'n herverdelingsbeleid gelyk stel aan Sosialisme is minstens 80 jaar agter die tyd. In alle hoogs geindustrialiseerde Westerse lande bewerkstellig die betrokke regerings se belasting- en bestedingsbeleid 'n groot oordrag van inkome vanaf die rykste twee-vyfdes van die bevolking na die armste twee-vyfdes sonder dat hierdie lande noodwendig sosialisties is of daarheen op pad is. (Vgl. Figuur 1). 'n Mens kan eerder 'n sterk saak uitmaak dat as dit nie was vir die beleid van staatsinmenging en die daarmee

gepaardgaande herverdelingsbeleid wat in Wes-Europa rondom die Eerste Wêreldoorlog en in die V.S.A. met die New Deal-beleid 'n aanvang geneem het nie, dan sou Gemengde Kapitalisme - soos wat die stelsel vandag bekendstaan - na alle waarskynlikheid nie meer in daardie lande bestaan het nie. Kortom, owerheidsinmenging en 'n omvattende herverdelingsbeleid het geblyk 'n noodsaaklike voorvereiste vir die humanisering en die voortbestaan van kapitalisties of markgeoriënteerde ekonomiese in die Westerse wêreld te wees. Ek wil dit graag onomwonde stel dat 'n meer omvattende herverdelingsbeleid sonder die minste twyfel ook 'n noodsaaklike voorvereiste vir die humanisering en die voortbestaan van 'n markgeoriënteerde ekonomie in Suid-Afrika is.

In daardie Westerse lande waar die welvaartstaat so ver gevoer is dat die lande die etiket van Sosialisme begin verdien, het dit geblyk dat die geleidelike oorgang na Sosialisme net plaasvind as workers of laerstandpartye redelik volledige en langdurige politieke beheer in die hande kry. In Suid-Afrika sal 'n sosialistiese bestel dus slegs langs evolusionêre weg ingevoer kan word as 'n Bruin- of 'n Swart werkerstandparty redelik volledige en langdurige politieke beheer in die hande sou kry. Ek voorsien nie dat so iets sal gebeur nie en ek bepleit dit ook nie. Tensy onvoorsiene gebeurtenisse - ek wil amper sê omwentelinge - op die politieke terrein plaasvind, sal Suid-Afrika, wat my betref, 'n markgeoriënteerde ekonomie bly.

Dit is belangrik dat ons daarop sal let dat die te vinnige toename in owerheidsbesteding in die meeste Westerse lande nie soseer die resultaat was van die "beginsel van sentrale geleide welvaartsstaatgedagte" - soos Prof. Lombard dit noem nie - maar eerder die resultaat is van daardie soort eise wat deur die volksdemokrasie en sy samestellende pressiegroepe via die owerheidsektor genereer word. Een les wat ons miskien uit die welvaartstate se geskiedenis van die afgelope 50 jaar kan leer, is dat die betrokke lande hulle sedert die Eerste Wêreldoorlog met 'n stelsel van volksdemokrasie (en 'n netwerk van pressiegroepe) bedien het wat hulle streng gesproke nie kon bekostig nie. Die les wat ons vir Suid-Afrika daaruit kan leer, is dat ons daarteen moet waak dat ons nie teen so 'n tempo op politieke vlak gedemokratiseer sal raak dat die eise wat deur die (gedemokratiseerde) politieke stelsel (en die netwerk van pressiegroepe)

genereer gaan word, die vermoë van ons ekonomie sal oorspan nie. (In die verbygaan kan ek miskien net daarop wys dat veral die blankes die demokratiese stelsel en die netwerk van pressiegroepe waaroor hulle beskik, reeds op hierdie stadium op so 'n manier gebruik (en selfs misbruik) dat die totale eise wat in sowel die private as die openbare sektor en in sowel die blanke as anderskleurige kringe gegenereer word, dreig om die vermoë van die ekonomie te oorspan).

Tyd ontbreek om in besonderhede te praat oor die soort hervorming of struktuurveranderinge wat op ekonomiese en politieke terrein sal moet plaasvind. Al wat ek wel bo alle twyfel wil stel, is dat die hervorming beslis nie in die rigting van 'n sg. vryemarkekonomie sal of kan wees nie, maar dat die omvang van die goedere en dienste wat vanaf owerheidsweë aan die Swart gemeenskappe aangebied word, aansienlik sal moet styg en dat dit 'n heelwat groter oordrag van inkome sal moet bewerkstellig as wat op die oomblik die geval is.

- (f) Sesdens, wil ek graag verwys na die wanopvattings of mites as sou die ongelykhede in die verdeling van inkome tot 'n bevredigende mate en teen 'n bevredigende tempo uit die weg geruim kan word deur die automatiese werking van 'n redelik ongebreidelde markekonomie en deur 'n volgehoue hoë groeikoers. Die mite dat die automatiese werking van die markmeganisme 'n "oplossing" vir die verdelingsprobleem kan bied, berus op die grensproduktiwiteitsteorie wat seker een van die swakste stuk wapentuig in die - wat my betref - twyfelagtige arsinaal van die Neo-Klassieke skool van denke is. Volgens die marginale produktiwiteitsteorie verkry 'n bepaalde inkomeverdeling 'n verdienstelike - vir sommige selfs 'n etiese geoorloofde - karakter as al die produksiefaktore redelik konsekwent in ooreenstemming met hulle onderskeie grensproduktiwiteite vergoed word.

Enige verdelingsteorie wat nie 'n verklaring kan aanbied vir die ongelyke verspreiding in die besit van produksiefaktore en veral vir die ongelyke arbeidsvermoëns (produktiwiteit) nie, is 'n bankrot teorie. Aangesien die grensproduktiwiteitsteorie niks hieroor te sê het nie, is dit 'n bankrot-teorie. In Westerse lande waar die verskillende lae van die bevolking redelik gelyke onderwysgeleenthede het, kan hierdie teorie miskien 'n beperkte (maar nogtans twyfelagtige) toepassing hê. Maar in Suid-Afrika met sy baie groot verskille in die verdeling van eiendom en veral in onderwysgeleenthede - waar sommige opvallend Eerste

Wêreldmense en die groot meerderheid opvallend Derde Wêreldmense is - is sowel die marginale produksiwitteitsteorie as die "korrekte" werking van die markmeganisme van weinig direkte belang in die strewe na 'n oplossing in die skerp ongelykhede in die verdeling van inkome.

Hiermee probeer ek nie sê dat produksiefaktore nie in ooreenstemming met hulle grensproduktiwiteit vergoed moet word nie, en dat ons nie van die markmeganisme moet gebruik maak nie. Alhoewel 'n sodanige vergoeding van produksiefaktore via die automatiese werking van die markmeganisme belangrik is uit 'n doeltreffendheidsoogpunt, is dit van weinig direkte belang vir die oplossing van die verdelingsprobleem - indien enigsins.

Wanneer sal die Neo-Klassiekers tog besef dat hulle moontlik wel iets te sê het oor die doeltreffende allokasie van skaars bronse, maar weinig (indien enigets) oor die oplossing van die verdelingsproblaam? Alhoewel die Neo-Klassieke paradigma dit nie toelaat om die invloed van magskonsentrasies te verantwoord nie, behoort elke Neo-Klassieker tog te weet dat die verdeling van inkome hoofsaaklik deur magskonsentrasies "skeefgetrek" word en dus net deur (politieke)magsingryping enigsins "reggetrek" kan word.

'n Volgehoue hoë groeikoers in 'n Derde Wêreldland soos Suid-Afrika kan wel 'n betekenisvolle direkte bydrae lewer om die verdelingsprobleem te "versag" en wel in soverre dit addisionele werkgeleenthede in die moderne sektor skep en addisionele geleenthede in die informele sektor skep om "inkome" te verdien. (Laasgenoemde effek kan in ons geval selfs groter as eersgenoemde wees.) Die indiensnemingseffek van 'n bepaalde groeikoers hang natuurlik af van hoe arbeidsintensief die groeiende industrieë is. Soos u maar al te goed weet, veroorsaak die relatief hoë kapitaalintensiwitteit van die Suid-Afrikaanse fabriekswese dat die werkskeppende effek van 'n bepaalde groeikoers nie so groot is as wat in ons Derde Wêreld-situasie gewens is nie. Die direkte herverdelingseffek van 'n hoë groeikoers moet nie met die inkome (of welvaarts) effek daarvan verwarr word nie. Die direkte herverdelingseffek van 'n hoë groeikoers is na alle waarskynlikheid heelwat kleiner as wat populêrweg veronderstel word. Die waarde van 'n hoë groeikoers vir die "oplossing" van die verdelingsprobleem is eerder indirek en wel in dié sin dat dit die belastingkapasiteit van die ekonomie verhoog en só die owerheid in staat stel om sy herverdelingsmaatreëls makliker

te finansier.

Ek wil herhaal dat dit 'n mite is om te dink dat 'n eng ekonomiese - d.w.s. 'n groei-cum-mark-benadering - direk en outomaties 'n betekenisvolle "oplossing" of versagting van die skerp ongelykhede in die verdeling van inkomme kan bewerkstellig. Die verdelingsprobleem is 'n politieke probleem en wel in die sin dat 'n betekenisvolle "oplossing" daarvan politieke (owerheids)ingryping vereis - dit is nodig in 'n redelik homogeen Westerse land, dit is soveel te meer nodig in 'n Derde Wêreldland soos Suid-Afrika. Hierdie ingryping is nodig selfs al sou die markmeganisme "korrek" funksioneer (en produksiefaktore volgens hulle grensproduktiwiteit vergoed) en selfs al sou die groeikoers relatief hoog wees. Wanneer ek dus pleit vir 'n herverdelingsbeleid, dan pleit ek in die eerste instansie daarvoor omdat hierdie probleem par excellance 'n politieke probleem is en onvermydelike politieke ingryping vereis. Lande wat van 'n kapitalisties-georiënteerde stelsel gebruik maak, en die minste van almal Suid-Afrika, kan bekostig om nie 'n toepaslike herverdelingsbeleid te hê nie.

Wanneer ek hierdie standpunt inneem, wil ek nie sê dat die private sektor direk nie 'n bydrae tot die oplossing van die verdelingsprobleem kan maak nie. Private ondernemings kan direk 'n bydrae lewer deur alle produksiefaktore in ooreenstemming met hulle grensproduktiwiteit te vergoed (en "onderbetalings" uit te skakel) deur addisionele werksgeleenthede te skep en deur hulle "sosiale verantwoordelikheid" uit te leef in die diens- en opleidingsfasiliteit wat hulle beskikbaar stel. Al drie hierdie direkte bydraes van die private sektor is egter relatief klein veral as ons daarmee rekening hou dat 'n groot deel van die Derde Wêreldmense in Suid-Afrika nog nie eens direk by die moderne sektor betrek is nie. Die grootste bydrae wat 'n groeiende en doeltreffende moderne sektor tot die "oplossing" van die verdelingsprobleem kan maak, is die indirekte bydrae wat dit maak in die groter belastingkapasiteit wat dit skep en waardeur die finansiering van die owerheid se herverdelingsbeleid moontlik en makliker word.

Ek hoop dat my argument omtrent die onvermydelikheid van "politieke ingryping" en van herverdelingsmaatreëls, die verwronge populêre opvatting as sou herverdeling 'n vorm van "georganiseerde" (geinstitusionaliseerde) "roof" is - of noodwendig dit is - die kop inslaan. Volgens hierdie siening sou 'n herverdelingsbeleid daarop neerkom dat die staat arbitrêr die ryks (d.w.s. diegene wat verdienstelik ofte wel produktief is) "beroof" en dan ewe arbitrêr die "buit" onder die armes (d.w.s. diegene wat sonder verdienste en lui is) uitdeel. Ek sou diegene wat 'n goedgestrukteerde herverdelingsbeleid as 'n vorm van "georganiseerde roof" beskou, graag wil aanraai om dié gedagte maar ter syde te stel. Indringende navorsing kan dalk openbaar dat diegene wat dit as sodanig beskou in werklikheid eerder deur herverdelingsmaatreëls van die verlede bevoordeel as benadeel is. Die meeste blankes in hierdie land - en veral die Afrikaners - moet liewer hulle seëninge vanweë herverdelingsmaatreëls tel as om teen die vermeende prikkels te skop.

2. Wat bedoel ons met 'n herverdelingsbeleid

Ons het met 'n herverdelingsbeleid te make wanneer die oorspronklike of aanvanklike vergoeding van produksiefaktore gewysig word deur die owerheid se belastings en bestedings.¹⁾ Net so kan die owerheid se optrede waardeur die "spelreëls" van die ekonomie neergelê word (asook ander vorme van owerheidsinmenging) sommige individue of groepe van individue (en selfs bevolkingsgroepe) in voordele en ander in nadelige posisies plaas en 'n positiewe en negatiewe invloed op hulle relatiewe vermoë om inkome te verdienen, uitoefen. Uit die aard van die saak kan die indirekte herverdelingseffek van die owerheid se "spelreëls" en inmenging nie maklik gekwantifiseer word nie. Die vernoomste direkte herverdeling van inkome vind plaas in die vorm van oordragbetalings soos pensioene en subsidies en deur middel van daardie goedere en dienste wat die owerheid ter bevrediging van die sg. kollektiewe en semi-kollektiewe behoeftes aanbied en diegene wat daardeur bevoordeel word direk nie die koste of die volle koste daarvan dra nie. Voorbeeld hiervan is onderwys,

1) Dit is wel so dat die owerheid se bestedings hoofsaaklik gebruik word vir die (aanvanklike) vergoeding van produksiefaktore en veral die produksiefaktor arbeid. Normaalweg het hierdie vergoeding nie met herverdeling te make nie. Die vergoeding van produksiefaktore deur die owerheid kan wel 'n herverdelingseffek hê as die vergoeding van produksiefaktore wat deur die owerheid se loon en prysbeleid bepaal word, onnodig (en langdurig) in 'n bepaalde rigting afwyk van die produktiwiteit en/of koste van die betrokke faktore.

gesondheid- en welsynsdienste. Aangesien daar nie iets soos 'n vrye maaltyd is nie, moet die belastingbetalers die oordragte en die goedere en dienste wat die owerheid kosteloos of teen 'n verlaagde prys aanbied "finansier". In 'n hoogsgeïndustrialiseerde Westerse land betaal die ryker twee-vyfde van die bevolking heelwat meer belasting as wat hulle deur owerheidoptrede bevoordeel word, terwyl dit andersom is wat die armer twee-vyfdes betref. (Sien Tabel I).

Streng gesproke het elke regering 'n herverdelingsbeleid ongeag of hy hom doelbewus daarop instel. Bykans elke optrede van die owerheid het 'n herverdelingseffek in die sin dat dit die inkome (of welvaart) van elke huishouding positief of negatief beïnvloed. Sommige van die owerheid se beleidsmaatreëls veroorsaak selfs 'n "opwaartse" herverdeling in die sin dat inkomste (welvaart) van laer na hoër inkomstegroepe oorgeplaas word. Verskeie belang- en/of pressiegroepe in veral die blanke gemeenskap slaag daarin om vir hulle allerhande vorme van bevoorregting te beding (waarvan sommige verskuil is) op sterkte van die argument dat dit hulle in staat sal stel om 'n groot addisionele bydrae te maak tot ekonomiese groei en/of die skepping van werkgeleenthede. In al daardie gevalle waar die betrokke bevoorregting nie tot die beweerde addisionele groei en werkskepping lei nie, misbruik die betrokke belang en/of magsgroep die ekonomiese en/of politieke bedingingsmag waарoor hulle beskik om hulle eng seksionele belang te bevorder ten koste van die algemene belang en met 'n regressiewe effek op die verdeling van inkome. Alhoewel dit seer sekerlik nie maklik is om hierdie soort bewerings te substantieer nie, bestaan daar tog weinig twyfel dat dit 'n tipiese kenmerk van die Suid-Afrikaanse ekonomiese en politieke struktuur is dat die ongelyke ekonomiese en politieke magsverspreiding dikwels misbruik is en nog steeds gebruik word om die bestaande ongelykhede te handhaaf en selfs te vergroot. Dit is 'n faktor wat - soos ek hieronder sal aantoon - by die formulering van 'n herverdelingsbeleid wel deeglik in ag geneem behoort te word (Vgl. kompenserende oorwegings vir 'n herverdelingsbeleid hieronder).

Statistiese gegewens oor hoe die belastings en bestedings van die owerheid die verskillende inkome-kategorieë in Suid-Afrika beïnvloed, is sover ek weet nie geredelik beskikbaar nie. Indien die sowat 5 miljoen huishoudings in Suid-Afrika volgens inkome in 10 kategorieë van 'n $\frac{1}{2}$ miljoen elk ingedeel kon word en die effek wat die owerheid se belastings en bestedings op elke kategorie uitoefen, bereken kon word, sou dit nogal interessant en waardevolle gegewens wees. Indien die effek van owerheidsbeleid vir sê die afgelope 50 jaar beskikbaar was, sou die gegewens

natuurlik soveel te meer waardevol gewees het. Dwarsdeur hierdie tydperk het die rykste een-tiende hoofsaaklik uit Engelssprekende blankes bestaan en die tweede rykste een-tiende hoofsaaklik uit Afrikaans-sprekende blankes. Daar bestaan min twyfel dat die belasting- en bestedingspatroon tussen hierdie twee groepe (of tussen die Engelse as groep en die Afrikaners as groep) wel "normaal" was (en moontlik nog so is) en wel in dié sin dat 'n redelike groot oordrag van inkomte van die Engelse na die Afrikaners plaasgevind het (en nog plaasvind) en dat hierdie oordrag 'n belangrike bydrae gelewer het in die ekonomiese rehabilitasie en opkoms van die Afrikaners in die afgelope 50 jaar.¹⁾

Statistiese berekenings duï daarop dat daar die afgelope 30 jaar ook 'n oordrag van inkomste vanaf die blankes na die verskillende anderkleuriges groepe via belastings en bestedings plaasgevind het. Ek verwys hier na die berekenings wat McGrath gemaak het.²⁾ In Tabel I verskyn 'n verkorte weergawe van sy berekenings. Die feit dat sommige van die owerheid se beleidsmaatreëls - soos bv. instromingsbeheer - 'n ongunstige herverdelings-effek ten opsigte van die Swart bevolking uitoefen, moet eintlik ook in verrekening gebring word. Die regressiewe effek van hierdie beleidsmaatreëls kan ongelukkig nie gekwantifiseer word nie. Die kumulatiewe effek wat dit oor baie jare gehad het, moet as relatief groot beskou word.

- 1) Terwyl verregse politieke partye hulle so sterk (en selfs met emosionele élan) verset teen herverdelingsmaatreëls wat die anderskleuriges bevoordeel, kan hulle gerus die herverdelingseffek wat belasting en bestedings én ander beleidsmaatreëls oor baie jare ten gunste van die Afrikaners gehad het, in gedagte hou.
- 2) McGrath het ongelukkig geen ander keuse gehad as om sy berekenings op 'n groot aantal aannames te baseer nie. Vanweë die rekbaarheid van baie van die aannames het hy drie moontlike patronen herverdeling bereken: Eerstens 'n patroon gegrond op die aannames dat die anderskleurige groepe relatief min bevoordeel word (d.w.s. aannames waarvolgens hulle 'n relatief hoë belastinglas dra en relatief min deur owerheidsbestedings bevoordeel word); tweedens 'n patroon waarvolgens hulle intermediêr bevoordeel word en derdens 'n patroon waarvolgens hulle maksimaal bevoordeel word. McGrath se berekenings strek net tot 1975/76. Sover ek weet, is daar nie jonger berekenings gemaak nie. Intussen is die Algemene Verkoopsbelasting ingestel wat die anderskleuriges relatief swaarder tref, maar intussen het die bestedings op veral Swart-onderwys skerp gestyg sodat die huidige patroon moontlik nie ver awyk van dié van 1975/76 nie.

Tabel 1

PERSENTUELLE VERANDERINGE IN S.A. SE RASSE PER CAPITA
INKOME AS 'N GEVOLG VAN BELASTINGS EN OWERHEIDSBESTEDINGS 1949-50 - 1975/76

Rassegroep	Jaar	Aannames van laagste bevoordeeling van Swart groepe	Aannames van Intermediêre bevoordeeling van Swart groepe	Aannames van Maksimale bevoordeeling van Swart groepe
Blankes	1949/50	- 2,1	- 5,0	- 11,0
	1975/76	- 1,2	- 6,9	- 17,1
Kleurlinge	1949/50	9,1	9,7	20,0
	1975/76	16,8	19,2	29,6
Asiërs	1949/50	2,3	2,8	6,4
	1975/76	1,5	3,4	7,0
Swartes	1949/50	9,5	11,9	29,8
	1975/76	7,2	10,6	39,4

M.D. McGrath, Racial Income Distribution in South Africa, Department of Economics, University of Natal, 1977.

3. Die ongelykhede in die verdeling van inkome

Oor die uiterst ongelyke verdeling van persoonlike inkome in Suid-Afrika kan daar geen twyfel bestaan nie. Sommige berekenings dui daarop dat as die sg. Gini-koeffisiënt op Suid-Afrika van toepassing gemaak word, die ongelykheid in die inkome verspreiding in Suid-Afrika groter is as in enige ander land. Die feit dat Suid-Afrika as 'n sg. mikro-kosmos van die Eerste & Derde Wêreld in 'n unieke posisie verkeer, kan natuurlik gedeeltelik as verskoning dien vir die besondere kenmerke van die Gini-koeffisiënt. Maar nadat dit in verrekening gebring is, bly die ongelykhede in die verdeling van inkome en die kontras tussen rykdom en armoede nog onverdedigbaar groot. Al Suid-Afrika se moeilike probleme kan in 'n sekere sin van die woord gereduseer word tot hierdie skerp ongelykheid in die verdeling van inkome. As synde ons grootste probleem is dit seker dringend noodsaaklik dat 'n toepaslike herverdelingsbeleid geformuleer en toegepas sal word.

Die ongelykheid in die verdeling van inkome tussen die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika het oor die afgelope vier dekades merkwaardig stabiel gebly. Die Buro van Marknavorsing bereken dat die aandeel van die blankes in die totale persoonlike inkome vanaf 74 persent in 1946 na 61 persent in 1980 gedaal het. Indien ons egter die persoonlike inkome van die drie anderskleurige bevolkingsgroepe uitdruk as 'n persentasie van die blankes s'n (om vir bevolkingsgroei voorsiening te maak) dan blyk dit dat die relatiewe posisie van die Kleurlinge en Asiërs matig verbeter het sedert 1960, maar dat die Swartes se relatiewe per capita-posisie net marginaal verbeter het. (Tabel 2)

TABEL 2
INDEKS VAN PERSOONLIKE INKOME PER KOP (BLANKES = 100)

	KLEURLINGE	ASIËRS	SWARTE
1946	15,9	20,3	7,7
1960	16,2	18,0	8,1
1970	16,9	20,6	7,8
1980	21,3	30,0	9,9

Bron: Buro van Marknavorsing

Uit Tabel 2 blyk dit ook dat die per capita-inkome van die Swartes in 1980 nog steeds minder as 10% van die blankes s'n was.

Die navorsing van die Buro duï ook daarop dat die gemiddelde jaarlikse groeikoers in die reële persoonlike inkome van die anderskleurige groepe in die afgelope 20 jaar groter was as dié van die blankes, maar hierdie verskille was nie groot genoeg om 'n werklik betekenisvolle verskil in die ongelyke verdeling van inkome te maak nie. Alhoewel die blankes se jaarlikse reële persoonlike inkome in die tydperk 1975-1980 slegs met 0,6 persent gestyg het, het dit sedert 1960 nog nie in reële terme oor 'n vyfjaartydperk gedaal nie. (Sien Tabel 3).

TABEL 3

GEMIDDELDE JAARLIKSE GROEIKOERS IN DIE REËLE
PERSOONLIKE INKOMSTE

	Totaal	Blankes	Kleurlinge	Asiërs	Swartes
1960-1980	4,8	4,1	6,4	7,6	6,0
1975-1980	1,6	0,6	2,5	4,6	3,5

Bron: Buro van Marknavorsing

Bogaande globale syfers vertel ons maar bitter min van die werklike ongelikhede in die individuele verspreiding van inkome. In Tabel 4 word die persentuele verspreiding van individuele inkomste in 1980 in verskillende inkome-kategorieë weergegee. Daarvolgens blyk dit dat 33 persent van die blankes 'n individuele inkome van groter as R3 600 in 1980 ontvang het, en dat slegs 4,6 persent van die Kleurlinge 10,4 persent van die Asiërs en 'n geringe 0,7 persent van die Swartes meer as R3 600 ontvang het. Dit blyk ook uit Tabel 4 dat 87,7 persent van alle Swartes geen inkome of 'n individuele inkome van minder as R1 200 per jaar ontvang het. Hierdie verspreiding van individuele inkome teken ook nog nie 'n duidelike prentjie van die wydverspreide armoede en selfs lewensnood wat in sommige stedelike maar veral in die landelike gebiede van Oos-Kaapland en Natal voorkom nie.

'n Feit wat soms uit die oog verloor word, is dat die inkome in die geledere van elk van die drie anderskleurige bevolkingsgroepe baie ongelyk verdeel is. Die Theron-Kommissie het die Kleurlinggemeenskap in vier

TABEL 4

INDIVIDUELE INKOMSTE VAN INDIVIDUE IN 1980 -
PERSENTUELLE VERSPREIDING

		Blankes	Kleurlinge	Asiërs	Swartes
Bo R12 000		8,0	0,1	0,8	0,03
Bo R 6 000		23,3	1,4	4,2	0,1
Bo R 3 600		33,5	4,6	10,4	0,7
Bo R 2 400		39,3	8,7	16,8	2,5
Bo R 1 200		43,8	19,5	26,3	12,3
R2 - R1 200		3,6	16,8	6,6	16,9
Geen		49,9	62,3	65,8	68,6
Onbekend		1,8	1,5	1,3	1,8

Bron: Buro van Marknavorsing

sosiaal-ekonomiese stande ingedeel nl. 20 persent wat middelstand standaarde bereik het, 20 persent hoër laerstand, 20 persent middel laerstand en 40 persent laer laerstand of mense wat in 'n toestand van chroniese gemeenskapsarmoede leef. Dit is die armoede en ontbering van hierdie onderste 40 persent in Kleurling geledere wat baie kommerwekkend is.

In die Westerse wêreld se belangstelling in die Derde Wêreld is daar aanvanklik net op globale syfers gekonsentreer. Mettertyd is die haglike lewensomstandighede van die sg. "vergete onderste 40 persent" as't ware ontdek. In Suid-Afrika is dit ook die armoede en die gebrek aan fasiliteite en geleentheid van die onderste 40 persent wat baie kommerwekkend is. Hierdie onderste 40 persent se posisie het in die afgelope 20 jaar waarskynlik baie minder verbeter as dié van die boonste 20 of 30 persent in andersklûzige geledere. In sommige gebiede het die onderste 40 persent se posisie moontlik selfs verswak.

Die Buro van Marknavorsing het bevind dat terwyl 13 persent van die Swart meervoudige huishoudings in Johannesburg in 1973 'n inkome van minder as R2 000 ontvang het (1980-prys), 20,7 persent van hierdie huishoudings minder as R2 000 in 1980 ontvang het. Die Buro het ook bereken dat 28,6 persent van die Swart meervoudige huishoudings in 1980 onderkant die Minimum Lewenspeil geleef het, teenoor 20,8 persent in 1973. Netso het 41,4 persent van die huishoudings onder die sogenaamde Aangevulde Lewenspeil geleef teenoor 31,3 persent in 1973. Alhoewel verskeie verklarings aangebied kan word vir hierdie agteruitgang was die relatiewe armoede en broodsgebrek van Swart huishoudings in Johannesburg in 1980 heelwat groter as wat dit in 1973 was.

Soos algemeen bekend, is dié eintlik sorgwekkende armoede in Swart geledere eintlik 'n landelike verskynsel veral in die Ciskei, die Transkei en in KwaZulu. Die vraag ontstaan of die persentasie landelike meervoudige huishoudings met 'n inkome laer as die Minimum Lewenspeil ook groter in 1980 as in 1973 was. Ek beskik ongelukkig nie oor gegewens om dit te verifieer nie.

4. Die doelwit van ekonomiese en politieke aktiwiteite

Voordat ek 'n stuk of 7 spesifieke argumente wil aanvoer ter wille van my pleidooi van 'n doelbewuste en 'n meeromvattende herverdelingsbeleid, wil ek eers 'n paar opmerkings maak oor wat die algemene doelwit van ekonomiese en politieke aktiwiteite is of behoort te wees. Dit is 'n soort oefening waaraan ons as ekonome na my mening veels te min aandag gee. Vandaar die geneigdheid by sommige om 'n hoë ekonomiese groeikoers as die eintlike doelwit van die ekonomie te aanvaar. Wat my betref gaan dit in die Ekonomie en in die Politiek om die Maksimisering van die Sosiale Welvaart van die Gemeenskap as geheel oor die lang termyn.¹⁾ Rondom hierdie doelwit is daar drie probleme wat opheldering vereis:

Eerstens, wat bedoel ons met Sosiale Welvaart - wat is die inhoudelike betekenis daarvan?

Tweedens wat bedoel ons met "gemeenskap as geheel" in die Suid-Afrikaanse konteks?

Derdens, hoe lank is die lang termyn?

- (a) Wat die eerste probleem betref, sou ons aan die begrip "sosiale Welvaart" 'n meer inhoudelike betekenis kan probeer gee deur te verwys na die sg. instrumentele doelstellings of prioriteite wat ons graag via ekonomiese en politieke

1) Ek is maar al te bewus daarvan dat daar kollegas is wat nie van hierdie soort formulering hou nie omdat dit te algemeen en formeel is en omdat dit nie maklik gekwantifiseer kan word nie. Maar in watter ander terme moet ons die oorkoepelende doel van die ekonomie stel as ons dit nie in hierdie terme stel nie? Ons sou dit ook kon formuleer in terme van die voorstel van die Britse filosoof Karl Popper. Volgens hom behoort dit die doel van ekonomiese en politieke aktiwiteit te wees om die pyn en ontbering van die gemeenskap so klein as moontlik te maak. Vir almal van ons sal dit nogal 'n groot (en selfs 'n pynlike) paradigmatische aanpassing verg om dit as doel te aanvaar. Ek wil nie op al die implikasies daarvan ingaan nie, behalwe om te sê dat indien ons die minimisering van pyn en ontbering as die uiteindelike doelwit van ekonomiese en politieke aktiwiteit sou aanvaar, ons na alle waarskynlikheid 'n veel sterker pleidooi vir 'n herverdelingsbeleid sal moet lewer as wanneer ons die Maksimisering van Sosiale Welvaart as doelwit aanvaar.

aktiwiteite wil verwesenlik. Elkeen van hierdie instrumentele doelstellings verteenwoordig 'n eie (selfstandige) dimensie van Sosiale Welvaart as veeldimensionele grootheid. In die mate waartoe elkeen van hierdie doelstellings in 'n groter mate verwesenlik word en sonder dat dit ten koste van 'n ander een gebeur, word die Sosiale Welvaart bevorder. Die Sosiale Welvaart sal dus bevorder word in die mate waarin ons daarin slaag om:

- (i) 'n korrekte allokasie van skaarsmiddelle te bewerkstellig (ook in die bevrediging van kollektiewe en semi-kollektiewe behoeftes);
- (ii) 'n volledige mobilisasie van skaars produksiefaktore bewerkstellig (en veral van die faktor Arbeid deur onderwys en opleiding);
- (iii) 'n doeltreffende aanwending van skaars middelle bewerkstellig (deur alle vorme van vermorsing in sowel die private as openbare sektore tot 'n minimum te beperk);
- (iv) 'n redelik billike (of regverdige) verdeling van sowel die laste as die voordele van ekonomiese aktiwiteite te bewerkstellig;
- (v) redelike deurlopende stabiliteit te handhaaf op die verskillende lewensterreine - op ekonomiesevlak beteken dit stabiliteit in die skepping van werkgeleenthede, in ons eksterne verhoudings, in pryse en lone, ens.;
- (vi) 'n redelike hoë groeikoers te handhaaf;
- (vii) en sinvolle vorme van individuele vryheid en verantwoordelikheid te skep.

Die formulering van hierdie sewe instrumentele doelstellings help ons nie baie nie. Die vraag ontstaan watter gewig aan elkeen toegeken moet word en in welke terme die trade-off's moet plaasvind in geval 'n botsende verhouding tussen

die doelstellings bestaan. Die doelmatigheid van ons ekonomiese en politieke stelsel hang in die laaste instansie af van die mate waarin dit daarin slaag om die waardes wat operasioneel is in die gemeenskap korrek te meet en om procedures te skep deur middel waarvan die trade-off's kan plaasvind. Die onderlinge verhouding van komplementariteit en botsing wat tussen hierdie doelstellings bestaan, is baie gekompliseerd veral omdat twee doelstellings wat oor die kort termyn in 'n botsende verhouding teenoor mekaar staan (soos bv. groter besteding aan Swartonderwys en ekonomiese groei) oor die lang termyn komplementêr kan blyk te wees. Soos ek dit sien, kom die professionele taak van die ekonoom hoofsaaklik daarop neer dat hy hierdie ingewikkeld verhoudings van komplementariteit en botsing – wat verskillend in verskillende tydhorisonne kan wees – so goed as moontlik sal ontrafel. Ek kry dikwels die gevoel dat Ekonomie as vakwetenskap nog in sy kinderskoene staan en 'n redelike bankrot wetenskap is omdat ons nog so min weet van hierdie verhoudings in 'n steeds veranderende wêreld. Wanneer ek hieronder 'n pleidooi vir 'n meer omvattende herverdelingsbeleid lewer, sal my hoofargument wees dat 'n gelyker verdeling van inkome en vermoeëns – veral oor die lang termyn – in 'n komplementêre verhouding met ander doelstellings kan staan en daarom direk en indirek baie bevorderlik vir die Sosiale Welvaart kan blyk te wees.

- (b) Die tweede probleem rondom ons doelwitformulering staan in verband met die term "gemeenskap as geheel". Vanweë die heterogene karakter, die groepsidentiteite en die segmentele (politieke) definisie van die Suid-Afrikaanse gemeenskap, ontstaan die vraag of ons huidige ekonomiese- en politieke stelsel so funksioneer dat dieselfde gewig of belangrikheid aan elkeen van die groepe of segmente toegeken word in besluitneming i.v.m. die Sosiale Welvaart? Die antwoord op hierdie vraag is dat ons stelsel beslis nie dieselfde gewig aan die welvaartsbelange van die vier bevolkingsgroepe toeken nie. Aan die ander kant is dit ook nie moontlik om oornag dieselfde gewig aan elke bevolkingsgroep se welvaartsbelange te gee nie. Pogings om dit oornag te

doen, sal tot 'n totale ineenstorting van ordelike ekonomiese verhoudings lei. Die perke wat die omgewingsinsette stel, maak so-iets nie moontlik nie. Dit kan alleen moontlik word na etlike dekades van volgehoue groei en hervorming. Intussen kan die relatief klein gewig wat aan die anderskleurige bevolkingsgroepe se welvaartsbelange toegeken word vis-à-vis die blankes s'n egter nie onveranderd gehandhaaf bly nie. Juis daarom is 'n ingrypende proses van ekonomiese en politieke hervorming nodig waarvan 'n herverdelingsbeleid 'n integrale deel moet vorm. Laat ons een ding goed besef: indien ons evolusionêr wil beweeg in die rigting waarin die welvaartsbelange van die anderskleurige groepe geleidelik swaarder geweeg gaan word as wat vandag die geval is, sal dit belangrike aanpassings in die blankes se denkpatrone en waarde-orientasies vereis. Sonder hierdie aanpassings sal evolusionêre hervorminge nie moontlik wees nie.

- (c) Die derde probleem rondom ons doelwit-formulering het te make met die tydperk waaroor Sosiale Welvaart gemaksimeer moet of behoort te word. Moet ons werk met 'n tydhorison van vyf, tien of dertig jaar? Indien die owerheid tussen alternatiewe beleidsrigtings moet kies, moet hy seker daardie beleidsrigting en die ooreenstemmende welvaartspad kies waarvan die huidige verdiskontereerde waarde oor 'n tydperk van sê 30 jaar 'n maksimum is. Ek keer hieronder na hierdie aspek terug.

'n Opmerking oor die ondersoek wat die Ekonomiese Komitee van die Presidentsraad tans onderneem, is hier ter sake. Die Komitee gee aandag aan faktore wat toetrede en deelname aan die markekonomie belemmer. Die rasional van die ondersoek - wat opvallend deur die vryemarkideologie ge-inspireer is - is blybaar dat die verwydering van sodanige faktore die doeltreffendheid van die markgeoriënteerde ekonomie sal verhoog. Hierdie rasional is waarskynlik nie sonder verdienste nie, omdat sekere faktore onnodig die vloei van produksiefaktore belemmer. Die verwydering van sodanige faktore kan dus nut hê. Nogtans sou die betrokke Komitee baie meer waardevolle werk kon doen as hy

hom eerder verantwoord het oor die struktuurveranderinge wat nodig is om die ekonomiese stelsel waarmee ons ons bedien meer doelmatig of funksioneel te maak met betrekking tot die bevordering van die sosiale welvaart van die gemeenskap as geheel. Met so 'n meer korrekte konseptualisering van Suid-Afrika se ekonomiese problematiek sou die Komitee nie anders kon as om o.m. direk en indringend aandag te gee aan die verdelingsprobleem wat ek hierbo as Suid-Afrika se grootste probleem bestempel het nie. Dit is inderdaad jammer dat die Komitee hom met so 'n oud-modiese konseptualisering van ons ekonomiese problematiek gaan opsaal het - 'n konseptualisering wat boonop berus op die mite dat 'n goed funksionerende markmeganisme Suid-Afrika se sosiaal ekonomiese probleme, ten spyte van hulle hoogs-gepolitiseerde karakter, kan oplos!

5. Argumente vir 'n meer omvattende herverdelingsbeleid

Ek maak met opset 'n pleidooi vir 'n meer omvattende herverdelingsbeleid want ek aanvaar dat die owerheid reeds 'n herverdelingsbeleid het. Of, anders geformuleer, verskeie van die beleidsmaatreëls wat die owerheid tref ter wille van die ontwikkeling en die opheffing van die anderskleurige bevolkingsgroepe en ter wille van die verbeterings van hulle lewenskwaliteit, het reeds 'n herverdelingseffek omdat die blanke belastingbetalers 'n groot deel van die inkomste lewer wat deur die owerheid op hierdie groepe bestee word. Ek dink hier aan bestedings op onderwys, mannekragontwikkeling, behuising, vervoer, pensioene, gesondheidsdienste, ens. ter wille van die anderskleurige groepe. Die owerheid se desentralisasiebeleid is ook hoofsaaklik gemik op die skep van werkgeleenthede vir anderskleuriges. So ook is verskeie van die ander beleidsmaatreëls daarop bereken om indirek, via algemene ekonomiese groei, tot die voordeel van die anderskleuriges te strek.

My argument is dat die herverdelings- en ontwikkelingseffek van die bestaande maatreëls ontoereikend is indien ons ener syds die skerp ongelykhede in die verdeling van inkome en die wydverspreide en sorgwekkende armoede en selfs lewensnood in die geledere van die anderskleurige bevolkingsgroepe in ag neem en as ons anders syds let op die welvaart- en groeiskeppende effek wat 'n sodanige

beleid kan hê as dit op 'n oordeelkundige wyse deurgevoer sou word.

Die formulering en die konsequente toepassing van 'n meer omvattende herverdelingsbeleid is na my mening noodsaaklik want as daar nie 'n amptelike herverdelingsbeleid bestaan nie, geniet ander amptelike beleidsmaatreëls wat geheel of gedeeltelik in botsing met so 'n beleid is, gewoonlik voorrang in beleidstoe-passing. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die verhoging van AVB met twee persentasiepunte (of met 50%) gedurende 1982 ten spyte van die skerp regressiewe effek van hierdie belastingvorm. (Alhoewel daar kort termyn stabiliteitsoorwegings ter wille van hierdie ongewenste stap aangevoer kan word, hoop ek dat die AVB weer na 4 persent verlaag sal word sodra omstandighede dit enigsins moontlik maak.)

Ek wil graag sewe spesifieke argumente aanvoer ter motivering van my pleidooi vir 'n meer omvattende herverdelingsbeleid.

(a) Demografiese en verstedelikingsoorwegings

Hierdie argument het meer die karakter van 'n voorspelling as 'n pleidooi. Demografiese projeksies dui daarop dat die blankes aan die einde van die eeu slegs sowat 12 persent van die totale bevolking sal uitmaak. Boonop gaan veral die Swart bevolking in 'n veel groter mate verstedelik raak as wat tans die geval is. Die behoefte aan daardie soort kollektiewe en semi-kollektiewe goedere en dienste wat deur al drie owerheidsvlakte aangebied word, sal so vinnig en kumulatief styg - veral as die lewenskwaliteit van anderskleuriges ook stelselmatig verbeter gaan word - dat die blankes steeds groter finansiële verantwoordelikheid vir die verskaffing van hierdie dienste sal moet aanvaar. So bv. sal 'n geskikte finansiële formule op die plaaslike owerheidsvlak gevind moet word waarvolgens blanke stede en dorpe oordragbetalings aan hulle sataliedorpe (met hulle verwagte vinnige bevolkingstoename) sal maak. Daar kan tog geen twyfel bestaan dat die Swartmense van Soweto 'n belangrike bydrae lewer tot die skepping van munisipale belasting-kapasiteit in Johannesburg nie. Gevolglik is dit niks

minder as reg dat Johannesburg oordragbetalings aan Soweto sal maak nie.

Indien gelet word op die onbevredigende hoeveelheid en die swak gehalte van die kollektiewe goedere en dienste wat in veral metropolitaanse gebiede tot die beskikking van die anderskleurige groepe is, kan mens nie twyfel omtrent die wanallokasie van kollektiewe goedere aan hierdie groepe vis-à-vis die blankes nie. 'n Groter aanbod van sodanige dienste om die lewenskwaliteit van die ander groepe te verbeter, sal dus 'n beter allokasie van skaars bronne bewerkstellig en direk 'n groot welvaartseffek hê.

(b) Humanitäre oorwegings

Vanweë die wydverspreide en sorgwekkende armoede in sommige stedelike gebiede maar veral in Oos-Kaapland en Natal, leef 'n sekere persentasie anderskleuriges onder die Minimum Bestaansspeile en is hulle aan 'n meerdere of mindere mate van fisiese ontbering en lewensnood blootgestel. Humanitäre oorwegings vereis dat verskillende noodleningsprogramme getref sal word om 'n billiker lewenspeil vir hierdie mense te skep.

Ek is maar alte bewus daarvan dat hierdie vorme van armoede in Suid-Afrika kleiner is as in die meeste ander Afrika-lande waar armoede reeds krisis afmetings aanneem. Nogtans het ek al meer male gevoel asof my hande afgekap is wanneer welmenende buitelanders beweer dat dit uit 'n humanitaire oogpunt vir hulle onverstaanbaar is hoe ons in Suid-Afrika soveel rykdom en onnodige weelde in blanke geledeere kan toelaat parallel aan daardie soort armoede wat wel bestaan. Dit is darem 'n baie paradoksale situasie waar 'n sekere persentasie van die bevolking mank gaan aan die nodige lewensmiddelle terwyl baie blankes so 'n gemaklike en oordadige lewensstyl handhaaf dat hulle die slagoffers van gesondheidsprobleme en ander euwels kenmerkend van 'n "affluent society" geword het. Ek sou graag 'n pleidooi wil lewer vir 'n amptelike program wat daarop gemik sal wees om binne sê vyf jaar ten minste aan die Basiese Menslike Behoeftes van almal in Suid-Afrika te voldoen. Die direkte welvaartskeppende effek van so 'n humanitaire program staan bo-

alle twyfel.

(c) Remediërende oorwegings

Sommige vorme van armoede bestaan reeds vir so 'n lang tyd en het so ingeburger geraak dat dit die geesteshouding van die betrokke gemeenskap aangetas het en 'n pathologiese en selfperpetuerende karakter verkry het. As lid van die Theron-kommissie was ek veral getref deur die verskynsel van chroniese gemeenskapsarmoede waarin die onderste sowat 40 persent van die Kleurlinggemeenskap vasgevang is. Die meeste van hierdie mense se motivering het sodanig afgestomp geraak dat dit ver van voldoende is om net beter geleenthed - soos werk-, onderwys-, behuisingsgeleenthede ens. - vir hulle te skep. Omvattende rehabiliteringsprogramme wat doelbewus daarop bereken is om hulle afwykende gedragsneigings teen te werk en om as remedie te dien vir die pathologiese lewensingesteldheid, is noodsaaklik om die kwaadaardige sirkel van gemeenskapsarmoede te deurbreek. Die meeste van die opheffingsmaatreëls wat die Theron-kommissie voorgestel het om die toestand van gemeenskapsarmoede te deurbreek, is in beginsel deur die owerheid aanvaar, maar tot dusver is daar nog nie veel addisioneel bestee aan programme wat direk gemik is op die rehabilitering van die breë onderlaag in die bruin gemeenskap nie. Soda-nige programme kan beslis nie veel langer uitgestel word nie.

(d) Regverdigheidsoorwegings

In ons algemene doelwitformulering het ons beweer dat 'n billiker of aanvaarbaarder verdeling van die laste en voordele van ekonomiese aktiwiteit 'n direkte bydrae tot Sosiale Welvaart lewer. Die relatiewe grootte van hierdie bydrae hang af van die gewig en van die inhoudelike betekenis wat 'n betrokke gemeenskap aan die regverdigheidsdoelwit wens te verleen. Die gewig en inhoudelike betekenis van die regverdigheidsdoelwit word gedefinieer deur die waardes wat 'n betrokke gemeenskap in stand wil hou en wil bevorder.

Alhoewel dit vir 'n ekonoom moeilik is om hom oor die regverdigheidsnorme en die gemeenskapswaardes uit te laat,

maak hy onvrydelik - bewus en onbewus - voortdurend uitsprake wat gelaai is met waarde-oordele. Net jammer dat ekonome die verantwoordelikheid om hulle uitdruklik te verantwoord oor die waarde-oordele waarmee hulle hulle bedien, so opvallend verwaarloos (dikwels met die holle verskoning dat hulle die waardes van die mark eerbiedig!). Maar aan die ander kant bestaan daar rede om simpatie te hê met ekonome wanneer hulle waarde-standpunte moet inneem. In 'n land soos ons s'n, waar dit gaan oor die handhawing en uitbouing van die Christelike en Westerse beskawing, sou dit normaal wees dat ekonome (en óók die politici) hulle sal laat lei deur hoe die kerke die Christelike waardes interpreer en van toepassing maak in ons konkrete probleem-situasie. Ongelukkig is die kerke so geopolitiseer en so in verlinkse en verregse kampे verdeel, en is daar ook so 'n groot verdeeldheid in die geledere van die afsonderlike kerke, dat 'n mens byna van 'n Babelse verwarring kan praat.

Dit is vir my persoonlik 'n groot hartseersaak dat die N.G. Moederkerk wat so 'n positiewe rol gespeel het om die lot van die armlankes te verlig, skynbaar onmagtig is om die skerp teenstelling tussen blanke rykdom en Swart en Bruin armoede as 'n wesenlike probleem te erken en in terme te formuleer wat die Christelike gewete van blanke lidmate ernstig aanspreek. Die rede vir hierdie onmigtigheid is blykbaar enersyds geleë in die oormatige identifisering van die kerk met die Afrikaner volksbeweging en die gevolglike oormatige politisering van die kerk, en deels in die kuns-matige verdeeldheid binne die familie van die N.G. kerke deur middel van allerhande kerklike strukture. Na die onlangse Algemene Sinode het 'n segsman van die kerk op 'n T.V.-program die kerk se geringe betrokkenheid by die plakkersprobleem in Wes-Kaapland probeer goedpraat met die verskoning dat dit eintlik die verantwoordelikheid van die sg. Jonger Kerke is en dat die Moederkerk versigtig moet wees om nie te veel met hulle verantwoordelikheid in te meng nie. Solank die Kerk homself skuldig maak aan hierdie soort ontvlugtingsdenke en in sy eie strukture verstrikk bly sal die kerk 'n struikelblok op die weg na 'n meer regverdig bestel

in Suid-Afrika bly.

Terwyl die kerke van weinig waarde is om die regverdigheids-norme en waardes wat operasioneel in ons ekonomiese en politieke stelsel behoort te wees, te help definieer, en in te skerp, het ekonome, die groter kring van sosiaal-wetenskaplike en ook die politici blykbaar geen ander keuse as om hulle deur hulle eie Christelike gewetes te laat lei nie. Hieraan is ongelukkig ook risiko's verbonde. Wanneer sommige op grond van hul Christelike gewete 'n sosiale etiek probeer formuleer en hulle professionele hoedanighede wys op die onreg wat in sekere stelsels of strukture vasgevang sit, wordhulle maklik as pleitbesorgers van vreemde ideo-ologie gebrandmerk.

Terwyl die kerk in gebreke gebly het om die inisiatief te neem ter wille van 'n meer regverdige bestel het die nodige leiding gelukkig vanaf politieke kant gekom. Reeds in sy Upington toespraak van 1980 het die Eerste Minister dit onomwонde gestel dat ons 'n Christelike verantwoordelikheid het om die anderskleuriges op te hef. Die regering se konstitusionele hervorminge is dan ook daarop bereken om groter regverdigheid in die proses van politieke besluitneming te bewerkstellig. Indien die voorgenome konstitusionele hervorming op parlementêre en konfederale vlakke op 'n suksesvolle wyse ingevoer kan word, dan behoort die groter bedingsmag wat Kleurlinge, Indiërs en Swartes in hulle onderskeie strukture gaan verkry, tot 'n aansienlike styging in die besteding op kollektiewe goedere en dienste ter wille van hierdie groepe te lei. Gebeur dit nie, dan beteken dit dat die konstitutionele hervorminge eenvoudig nie toereikend was nie en sal daar na die konstitutionele tekenborde teruggegaan moet word.

Maatreëls met 'n herverdelingseffek ter wille van regverdigheidsoorwegings is dikwels so belangrik dat daaraan voorrang verleen moet word selfs al sou dit in 'n botsende of trade-off-verhouding met die groeidoelwit te staan kom. In hierdie verband wil ek graag verwys na die treffende beeld wat Arthur Okun in sy boek Equality and Efficiency : The Big Trade-off gebruik. Volgens hom moet ons daarop reken

dat die emmer waarmee water uit die relatief vol tenks van die ryk mense geskep word om "oorgedra" te word na die relatief leë tenks van die armes, gewoonlik 'n emmer is wat lek. Die relatiewe gewig of die belangrikheid wat die gemeenskap aan regverdigheidsoorwegings verleen sal bepaal met hoeveel "verlore water" (ekonomiese groei) die gemeenskap in sy strewe na groter regverdigheid verlief sal neem. As ons dinge so kon organiseer dat die "verlore water" telkens in die vorm van weelde en uitspattige hoë lewensstandaarde kan wees, sou ons 'n baie sterk saak vir hervardelingsmaatreëls kon uitmaak. Ongelukkig is dit nie so maklik om dinge só te reël nie.

(e) Kompenserende oorwegings

Ek het hierbo daarvan melding gemaak dat die ongelyke verspreiding van ekonomiese en politieke bedingingsmag wat deel uitmaak van die huidige ekonomiese en politieke stelsel

oor die jare daartoe geleei het dat die inkomeverdeling ongelyker is as wat andersins die geval sou wees. Alhoewel die kumulatiewe "skewe" resultaat wat hierdie ongelyke bedingingsmagte oor die jare gehad het, nie oornag reggestel kan word nie, vereis regverdigheidsoorwegings dat 'n daadwerklike begin gemaak sal word om vir die ongleikhede wat dit geskep het, te kompenseer. Aangesien dit hoofsaaklik magkonsentrasie is wat die inkomeverdeling "skeef trek" - soos ek reeds hierbo aangetoon het - is politieke magstryping nodig om daarvoor te kompenseer in 'n poging om die inkomeverdeling weer enigsins "reg te trek"!

Dit is insiggewens om die wyse waarop die Amerikaanse regering se belastings- en bestedings die verskillende inkome-kategorieë beïnvloed, onder oë te neem. (Sien Figuur I). Die patroon is baie duidelik. Die armer groepe word meer bevoordeel deur besteding as die ryker groepe en die ryker groepe betaal meer belasting as die armer groepe. Hierdie patroon kan beskou word as doelbewuste poging om vir die nadele van kapitalisme te kompenseer. Terwyl 'n ongelyke verspreiding van inkome en van mag en bevoorregting 'n integrale en noodsaaklike deel van

enige kapitalistiese ekonomiese is om die nodige dinamiese en progressiewe karakter aan die stelsel te verleen, het sodanige ongelykhede ook die neiging om kumulatief groter te word. Gevolglik moet die belasting- en bestedingsbeleid deurlopend die neiging tot groter ongelykheid teëwerk in 'n poging om 'n aanvaarbare kompromis tussen groei en regverdigheid (of menswaardigheid) te bewerkstellig.

Aangesien Suid-Afrika nie 'n hoogsgeindustrialiseerde Westerse land is nie, het die belasting- en bestedingspatroon in Suid-Afrika nie daardie "normale" patroon wat kenmerkend van alle hoogsgeindustrialiseerde Westerse lande geword het nie. Om só 'n patroon binne enkele jare (of selfs dekades) op Suid-Afrika te probeer afdwing, sal soveel eise aan die moderne sektor stel dat dit die vermoë van die moderne sektor totaal sal oorspan en selfs sal knak. Wanneer ek pleit vir 'n meer omvattende herverdelingsbeleid in Suid-Afrika, pleit ek dus nie daarvoor dat die belasting- en bestedingspatroon van die totale bevolking binne enkele jare of selfs dekades "genormaliseer" moet word in terme van die patroon wat in hoogsgeindustrialiseerde Westerse lande bestaan nie. Iemand wat dit betoog, hou nie rekening met die struktuur van die omgewingsinsette in die Suid-Afrikaanse situasie nie en is dus totaal werklikheidsvreemd.¹⁾

Alhoewel ons beslis nie Suid-Afrika se belasting- en bestedingspatrone in terme van Westerse patronne kan "normaliseer" nie, moet daar nogtans daadwerklike stappe geneem word om geleidelik - al sou hierdie proses oor etlike dekades strek - in die rigting van 'n "normalisering" van die patroon te beweeg. Soos hieronder sal blyk, is so 'n "normaliseringsproses" enersyds 'n onontbeerlike oorsaak van volgehoute ekonomiese groei en ontwikkeling terwyl die tempo waarmee dit kan gebeur andersyds die resultaat sal wees van die groei en ontwikkeling wat wel met verloop van tyd onder vind word.

1) Ongelukkig is daar politieke partye in Suid-Afrika wat as't ware oornag volle burgerskap aan almal wil gee en onmiddellik (of binne enkele jare) alle vorme van diskriminasie uit die weg wil ruim. As woorde betekenis het, dan beteken hierdie pleidooie dat alle vorme van diskriminasie in die goedere en dienste wat die owerheid aanbied, binne enkele jare uit die weg geruim moet word want slegs dan en dan alleen sal volle burgerskap verwesenlik wees. So iets is natuurlik nie moontlik nie. Aangesien die betrokke partye hulle klaarblyklik nie oor die staatsfinansiële implikasies van hulle politieke en burgerskapvoorstelle verantwoord nie, bewys hulle Suid-Afrika 'n groot ondiens.


Figuur I


FIG. 10-4 TOTAL TAX BURDEN AND EXPENDITURE BENEFIT AS PERCENT OF INCOME BY INCOME CLASS

Source: Tax Foundation, Inc., *Tax Burdens and Benefits of Government Expenditures by Income Class* (New York: The Tax Foundation, 1967).

28 (a)

FIGUUR 2

WELVAART



Ek sou nie graag betrokke wil raak by die spekulatiewe argumente oor welke deel van die Suid-Afrikaanse rykdom oor sê die afgelope 100 jaar deur blanke inisiatief, kennis, tegnologie ens. geskep is en welke deel deur Swartarbeid geskep is nie. Ek dink nie hierdie soort spekulasie kan ooit sodanige konkrete resultate lewer dat dit van enige nut kan wees nie. Om dieselfde rede sou ek ook nie betrokke wil raak by spekulasies oor hoe groot die kumulatiewe regressiewe effek van sekere beleidsmaatreëls (ofte wel van die stelsel as sodanig) op die anderskleurige bevolkingsgroepe gehad het nie. Maar wat wel nodig is, is dat ons in alle eerlikheid sal erken dat die stelsel so 'n regressiewe effek gehad het en dat 'n mens die meeste herverdelingsmaatreëls sou kon regverdig as 'n poging om vir hierdie regressiewe effek te kompenseer. Dit is egter ook belangrik om te besef dat sekere bestaande maatreëls, soos instromingsbeheer en hervestiging, nog steeds 'n regressiewe effek het op die inkome en geleenthede van die Swartes wat direk daardeur getref word.¹⁾ Solank die regering dit nodig ag om sodanige maatreëls te tref, behoort hy ook stapte te neem om diegene wat direk daardeur benadeel word vir ten minste 'n deel van hulle "verlies" te kompenseer.

(f) Stabiliteitsoorwegings

Die handhawing van deurlopende stabiliteit op ekonomiese, finansiële, sosiale en politieke vlakke is uiteraard 'n aangeleentheid wat - veral in 'n langtermynydshorison beoordeel - besonder welvaartsrelevant is. Vanweë Suid-Afrika se kwesbare binnelandse en buitelandse posisie, moet 'n relatief swaar gewig aan deurlopende stabiliteit op al die verskillende lewensterreine toegeken word. In al daardie gevalle waar die skerp ongelyke verdeling van inkome en die langdurige toestande van armoede en ontneming, aanleiding kan gee tot geoorloofde ontevredenheid of 'n teelaarde

1) Die bestaan van wydverspreide armoede en werkloosheid in sekere swartgebiede word dikwels gewyt aan instromingsbeheer wat die betrokke Swartmense verhinder om 'n beter lewenstog in die metropolitaanse gebiede te verwerv. Hierdie bewering is seker nie sonder meriete nie, veral as 'n mens die "werksgleenthede" in die sg. informele sektor rondom die stede in ag neem. Aan die ander kant sal die wysiging en/of afskaffing van instromingsbeheer in 'n groot mate op die verplasing van armoede van die landelike na die stedelike gebiede neerkom, veral as die afskaffing van instromingsbeheer nie gepaard gaan met beleidswysiginge wat meer lewensruimte aan die informele sektor sal bied nie. Net so kan mens argumenteer dat diegene wat aan hervestiging onderworpe is, direk daardeur benadeel word en dat dit dus ook 'n beleidsmaatreël met 'n regressiewe effek op die inkome van die betrokke personeel is.

skep waarin militante houdings kan gedy, is dit natuurlik altyd gewens om die oorsake van die (geoorloofde) ontevredenheid asook toestande wat hulle leen tot aanhitsing, so goed as moontlik uit die weg te ruim. Ek is maar al te bewus daarvan dat as ons let op die perke wat die ekonomiese stel enersyds, asook op die eise wat deur die spiraal van stygende verwagtings en deur allerhande revolusionêre propaganda geskep word, andersyds, dit onmoontlik is om alle vorme van ontevredenheid en alle uitbuitbare situasies uit die weg te ruim. Maar aan die ander kant kan hierdie argument nie gebruik word om 'n niks-doen houding te probeer goedpraat nie. Daar bestaan groot ruimte vir beleidsmaatreëls (met 'n herverdelingseffek) waardeur wantoestande uit die weg geruim kan word, groter regverdigheid geskep en stabiliteit bevorder kan word.

Dit is tog vreemd hoe mense in bevoordele posisies bereid is om groot opofferings te maak om faktore wat die orde en stabiliteit van die gemeenskap (veral op die kort termyn) bedreig, teen te werk. Terselfder tyd is dieselfde mense oënskynlik nie bereid om ook groot opofferings te maak om groter regverdigheid aan ander dele van die gemeenskap te laat toekom en langs dié weg die stabiliteit en die orde oor die langer termyn in stand te hou nie. Die bereidwilligheid om opofferings ter wille van korttermyn stabiliteit te maak, maar nie ter wille van groter regverdigheid en groter stabiliteit op die lang termyn nie, dui op 'n kortsigtigheid wat nie alleen irrasioneel is nie, maar ons baie duur te staan kan kom.

(g) Groei-oorwegings

Die laaste argument wat ek ter wille van 'n meer omvattende herverdelingsbeleid wil aanvoer, is dat beleidsmaatreëls om die arbeidsvermoë van die anderskleurige dramaties te verhoog (en wat uiteraard 'n groot herverdelingseffek sal hê), onontbeerlik is as ons op die lang termyn 'n groeikoers van sê 4 of 5 persent gemiddeld per jaar wil handhaaf.

Dit is jammer dat die heersende ortodoxie (of moet dit die "konfensionele wysheid" genoem word?) blykbaar voetstoots aanvaar dat die herverdelingsdoelwit en die groeidoelwit noodsaaklik en altyd in 'n botsende verhouding teenoor mekaar staan. Dit is nie alleen die man in die straat nie, maar ook ekonome wat glo dat herverdelingsmaatreëls noodwendig ten koste van ekonomiese groei gebeur. Vandaar die populêre propaganda dat as mens eers begin om te verdeel daar kort voor lank niks oor sal wees om te verdeel nie! Ek is bereid om die man in die straat te verskoon, maar

nie kollegas wat hulle met sulke wilde (bourgeoisie) veralgemenings bedien nie. In 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika kan herverdeling nie bloot 'n gevolg van volgehoue groei wees soos mense graag glo nie, maar is dit dikwels 'n voorwaarde vir volgehoue groei.

Soos u maar al te goed weet, gaan die vraag na geskoolde arbeid bykans onversadigbaar groot wees as ons 'n gemiddelde groeikoers van ongeveer 5 persent in die volgende 20 jaar wil handhaaf. Om so 'n groeikoers te handhaaf, sal 'n opvoedkundige revolusie ten opsigte van die Swart bevolkingsgroep noodsaklik wees, asook in die verbetering van hulle sosiale lewensomstandighede. My kollega, Prof. J.L. Sadie, het in 1980 bereken dat indien ons 'n gemiddelde groeikoers van 4,7 persent tot die jaar 2000 wil handhaaf, ons 400,000 persone in uitvoerende poste in die jaar 2000 nodig sal hê i.p.v. die huidige 170,000, 1,5 miljoen hoogsgeskoolde werkers i.p.v. die huidige 500,000 en 1,6 miljoen semi-geskoolde witboordjie werkers i.p.v. die huidige 400,000. Hy het ook bereken dat as die mees optimistiese projeksies i.v.m. die opleiding en bevordering van blankes bereik word in die volgende 20 jaar, die jaarlikse toevoeging van werkers, anders as blankes, sal wees soos in Tabel 5. Terwyl slegs 300 anderskleuriges jaarliks tot die uitvoerende kategorie toegevoeg is in die tydperk 1959-1979, sal 3,800 jaarliks toegevoeg moet word in die tydperk 1980-2000. D.w.s. 13 maal meer per jaar. Terwyl slegs 8 000 hoogsgeskoolde anderskleuriges jaarliks toegevoeg is in die vorige 20 jaar, sal 48,000 jaarliks toegevoeg moet word in die volgende 20 jaar. D.w.s. 6 maal meer per jaar ens. Miskien sou sommige van u wil aanvoer dat hierdie projeksies van Prof. Sadie berus op veronderstellings wat die behoefté aan uitvoerende en hoogsgeskoolde werkers oorbeklemtoon. Hy is bereid om dit toe te gee. Maar selfs as die behoefté aan hierdie kategorie werkers met 'n kwart of 'n derde afgeskaal word, dan is die behoefté aan anderskleurige werkers in hierdie kategorie nog steeds baie groot en gaan dit nog steeds reusagtige bestedings aan anderskleurige onderwys en ontwikkeling verg. Ons moet seker maar erken dat ons ons in die vorige 20 jaar in 'n sekere sin in 'n hoek vasgeverf het deur te min op die onderwys, die ontwikkeling en die lewensomstandighede van die ander bevolkingsgroep te bestee. Om die groot agterstand wat ontstaan het, uit die weg te ruim, sal ons nou buitengewoon groot bedrae op die ander bevolkingsgroep se opheffing en ontwikkeling moet bestee en sal ons ook faciliteite aan hulle moet oopstel op 'n veel groter skaal as wat in die afgelope paar jaar gebeur het.

TABEL 5

BRUTO JAARLIKSE BENODIGDE TOEVOEGING TOT
ARBEIDSMAG ANDERS AS BLANKES

	1959-1979	1980-2000	Kere wat jaarlikse toename groter moet wees
	Kolom 1	Kolom 2	Kolom 3
<u>WITKRAAG</u>			
Uitvoerend	300	3 800	13X
Hooggeskoold	8 000	48 000	6X
Minder geskoold	18 000	52 000	3X
	26 300	103 800	4X
<u>BLOUKRAAG</u>			
Geskoold	5 000	15 000	3X
Semi-geskoold	56 000	101 000	2X
Sub-totaal	61 000	116 000	2X
TOTAAL	87 300	219 800	2,5X

Bron: Prof. J.L. Sadie

6. Wie sal moet opdok?

'n Belangrike aangeleentheid wat tot nou toe agterweë gebly het, is die vraag watter effek die herverdelingsmaatreëls op die blankes se reële lewenstandaarde (of reële welvaart) gaan uitoeft. Ek weet nie of dit nodig is om hierdie vraag te beantwoord nie. Die implikasies is tog glashelder. Een ding staan tog seker bo alle twyfel en dit is dat die reële lewenstandaarde wat die blankes hulle in hierdie land veroorloof, en tot nou toe in stand kon hou (en waarop hulle dikwels met 'n verstommende houding van bourgeoisie arrogantie aanspraak maak), veels te hoog is as die totale probleemsituasie in Suid-Afrika ernstig in oorweging geneem word. Hoe so baie mense so ongeërg hulle rykmanskultus kan vertroetel en kan dink dat dit hoofsaaklik gaan oor die tempo waarmee hulle ryker word, gaan my verstant te bowe. Die bewerings omtrent

korrupsie in die private sektor in die meedoënlose strewe na rykdom is ontstellend genoeg. Die feit dat 'n rebriekskrywer in 'n Engelse Sondakoerant dit probeer goedpraat as part en deel van die kapitalistiese etiek, is eenvoudig skakkend.

Ek het belowe dat ek sal terugkeer na die tydhorison waarbinne die effek wat beleidsmaatreëls op Sosiale Welvaart het, verdiskonter moet word. Ek wil die effek wat alternatiewe beleidsmaatreëls moontlik oor die langtermyn op die Sosiale Welvaart van die blankes gaan uitoeft, illustreer met Figuur 2. Lyn A stel die moontlike welvaartspad van die blankes voor indien hulle sou weier om die pynlike hervorminge te ondergaan wat noodsaaklik is ter wille van die opheffing en ontwikkeling van die ander bevolkingsgroepe. Sonder sodanige hervorming sal daar 'n boonste "draaipunt" by punt 2 kom wat selfs katestrofies van aard kan wees. Alternatiewelik sal die blankes kan instem tot die nodige hervorming en die pynlike opofferings wat dit vir 'n korter of langer tydperk (sê tot by punt 3) van hulle gaan verg. Maar danksy hierdie hervorming kan dit die situasie so stabiliseer en soveel addisionele produksiekapasiteit in die geledere van die ander bevolkingsgroepe skep, dat die blankes se sosiale welvaart ná punt 3 weer permanent kan begin styg saam met dié van die ander groepe. Veronderstel dat punt 4 waar hierdie twee welvaartspaaie mekaar sny, is die jaar 2000. Indien ons die huidige verdiskonterde waarde van Paaie A en B net tot die jaar 2000 in verrekening bring, dan spreek dit vanself dat Pad A se huidige waarde groter as Pad B s'n is en gekies moet word. Veronderstel punt 5 is die jaar 2012. Slegs as ons bereid is om die welvaartseffek wat alternatiewe beleidsmaatreëls oor 'n tydperk van sê 30 jaar op die blankes se welvaart gaan uitoefen, in verrekening bring, sal dit rasioneel wees om Pad B te kies.

Daar bestaan weinig twyfel dat die blankes pynlike aanpassings en groot opofferings in die eersvolgende dekade of meer sal moet maak. So bv, sal die bedingingsmag van die meeste blanke pressiegroepe teruggesnoei moet word en sal diegene wat oor ekonomiese en politieke mag beskik dit met groter discipline en verantwoordelikheid moet gebruik. Die belangrikste vraag is of die blankes hulle langtermyn verligte eie-belang goed begryp en bereid en in staat is om rasionale keuses te maak binne 'n relatief baie lang tydhorison. Indien dit sou blyk dat die blankes nie daartoe in staat is nie of nie gewillig is om dit te doen nie, kan die gevolge katestrofaal wees. Ons sal waarskynlik 'n soort volwasse opvoedingsprogram van stapel moet laat loop om die blankes as't ware op

te voed om hulle langtermyn verligte eie-belang beter te begryp as wat tans die geval is.

Ons sou die probleme verbonde aan die afskaling van blanke lewenstandaarde deur middel van bv. hoër belasting en/of kleiner owerheidsbesteding ter wille van die blankes ook effens anders in operasionele terme kan formuleer. Watter effek gaan verhoogde belasting op die ondernemersklas en op diegene in leidinggewende posisies se gewilligheid om te onderneem, risiko's te loop en inisiatief te neem, uitoefen? Indien dit sou blyk dat die ondernemersklas die idee van "politieke verligtheid" nie ook op die ekonomiese terrein kan uitleef nie, dat hulle nie die noodsaaklikheid van strukturele verandering en die eise wat dit stel kan insien nie en ook nie hulle langtermyn verligte eie-belang na wense kan of wil begryp nie, dan sal beleidsmaatreëls wat die blankes se na-belastinginkomste verminder, uiteraard 'n groot nadelige effek op die groeikoers en die skepping van werkgeleenthede hê.

Mense wat so hoog opgee oor die vermeende verdienstes van die vryemarkekonomie en die individualisme en die materialisme van die bourgeoisie lewenshouding so vertroetel en probeer vergoeilik, vervul my inderdaad met kommer en pessimisme. Wat ons nodig het, is nie meer bourgeoisie individualisme, materialisme en korruptsie nie, maar meer ware verligtheid op ekonomiese terrein en 'n beter begrip van ons sosiale verantwoordelikheid.

As ons die nodige struktuurveranderinge op ekonomiese en politieke terreine in die eersvolgende dekade of twee suksesvol wil deurvoer, sal veral die blankes bereid moet wees om met veel meer inspanning na vore te kom en met 'n veel kleiner loon tevredes te wees. In die pynlike aanpassings wat voorlê sal iets moet "meegee", en al wat eintlik kan "meegee", is die hoë lewenspeile en die kortsigtige en materialistiese lewenshouding van die blankes. Blote partikuliere belangte kan nie langer die enigste motivering van ons dagtaak wees nie. U sou hierdie argumente van my kan afmaak as komende van iemand wat in 'n akademiese ivoortoring sit. Dit is waar dat ek in so 'n toring sit. Maar vanuit daardie toring sien 'n mens hopelik soms dinge raak wat ander mense miskyk. Soos ek reeds hierbo gesê het, sal die blankes 'n baie ingrypende verandering in hulle denk- en waarde-orientasie moet ondergaan. En dit geld veral vir die ondernemers en mense in leidinggewende posisies. Daarsonder sal ons nie rondkom nie.

Samevattend sou ek graag beweer dat my pleidooi vir 'n meer omvattende herverdelings- en ontwikkelingsbeleid, in effek op 'n paradigma-verskuiwing in ekonomiese denke neerkom. Tot nou toe was die populêre opvatting in die geledere van ekonome dat ons in Suid-Afrika uit ons probleme moet probeer "groei" en dat dit inderdaad moontlik is as ons net deurlopend 'n baie hoë groeikoers kan handhaaf. 'n Baie diepliggende geloof in "groeimanskap" bly die basiese lewensingesteldheid in populêre en professionele kringe. Alhoewel ek geensins die wenslikheid van 'n hoë ekonomiese groeikoers wil bevraagteken nie, wil ek wel die geloof dat ons uit ons probleme kan "groei" bevraagteken. Wat my betref, moet ons hierdie geloof laat vaar omdat ons na alle waarskynlikheid nie daarin gaan slaag om 'n groeikoers van 4 of 5 persent gemiddeld te handhaaf nie en selfs al sou ons daarin slaag, gaan so 'n groeikoers alleen nie daardie "probleem-oplossende-effek" hê wat mense glo dit gaan hê nie. Pynlike herverdelingsmaatreëls sal steeds nodig bly al is die groeikoers ook hoe hoog. Toegegee, met 'n hoër groeikoers kan die noodsaklike strukturele hervorming op ekonomiese, sosiale en politieke terreine moontlik maklik^{er} deurgevoer word. Maar dit begin wensdenkery word om ons hoop so eensydig daarop te plaas.

Tot nou toe was ekonomiese groei (en die eise wat dit ^{se} genereer het) 'n belangrike werktuig vir hervorming op baie terreine. Ek is van mening dat hierdie moontlikheid nou grootliks (en moontlik heeltemal) uitgeput geraak het. Ons gaan nou 'n nuwe fase binne waarin hervorming en strukturele veranderinge op baie terreine eers vir 'n betreklike lang tyd sal moet plaasvind voordat ons weer volgehoue ekonomiese groei kan hê en voordat die blankes weer hulle hoop op 'n verhoging van hulle reële lewenstande (of Sosiale Welvaart) sal kan plaas. Voorheen het groei hervorming meegebring, voortaan sal ons hervorming (wat o.m. 'n oordrag van mag en welvaart gaan vereis) moet inisieer ter wille van groei en stabiliteit oor die langer termyn. Die paradigmaverskuiwing vereis dat ons nie meer op hervorming en herverdeling as 'n resultaat kan hoop nie, maar dit as 'n instrument vir "probleemoplossing" sal moet gebruik. Hierdie paradigmaverskuiwing sal nie maklik plaasvind nie. Daarvoor het die verwening van die blankes en die (bourgeoisie) geloof in "groeimanskap" veels te diep ingeburger geraak - nie alleen in populêre kringe nie, maar ook in die broederkring van ekonome. Nogtans beskaam die hoop nie dat my kollegas na hart en verstand oortuig kan word van die noodsaklikheid van hierdie paradigmaverskuiwing.

Tabel 1 PERSONONLIKE INKOMSTE VAN VERSKILLEND BEVOLKINGSGROEPE VIR 1946 TEEN HEERSENDE PRYSE

Pers. aandeel in persoonlike inkomste	Persononlike inkomste	Bevolking	Per capita persoonlike inkomste	Res i.t.v. Blankes se inkomste	Res i.t.v. Eng. se inkomste	Res i.t.v. Afr. se inkomste
R milj.	R milj.	R	R	R	R	R
1	2	3	4	5	6	7
BLANKES	74,00	933	2,4	389	100	69
ENGELSE	44,5	561	1,0	561	144	100
AFRIKANERS	29,5	372	1,4	266	68	47
KLEURLINGE	4,6	58	0,9	64	16	11
ASIËRS	1,8	23	0,3	77	20	14
BANTOE	19,6	247	7,8	32	8	6
TOTAAL	100	1 262	11,4	110	28	19
						41

Tabel 1

PERSONONLIKE INKOMSTE VAN VERSKILLEND BEVOLKINGSGROEPE VIR 1946 TEEN HEERSENDE PRYSE

Pers. aandeel in persoonlike inkomste	Personlike inkomste R milj.	Bevolking	Per capita persoonlike inkomste R	Res i.t.v. Blankes se inkomste R	Res i.t.v. Eng. se inkomste R	Res i.t.v. Afr. se inkomste R
1	2	3	4	5	6	7
BLANKES	74,00	933	2,4	389	100	69
ENGELSE	44,5	561	1,0	561	144	100
AFRIKANERS	29,5	372	1,4	266	68	47
KLEURLINGE	4,6	58	0,9	64	16	11
ASIËRS	1,8	23	0,3	77	20	14
BANTOE	19,6	247	7,8	32	8	6
TOTAAL	100	1 262	11,4	110	28	19
						41

Tabel 1

PERSOONLIKE INKOMSTE VAN VERSKILLEND BEVOLKINGSGROEPE VIR 1946 TEEN

HEERSENDE PRYSE	Pers. aandeel in persoonlike inkomste	Personlike inkomste	Bevolking	Per capita persoonlike inkomste	Res.		Res.	
					R milj.	milj.	R	1.t.v. Blanke se ink.
1	2	3	4	5	6	7		
BLANKES								
ENGELSE	74	933	2,4	389	100	69	146	
AFRIKANERS	44,5	561	1,0	561	144	100	211	
KLEURLINGE	29,5	372	1,4	266	68	47	100	
ASIERS	4,6	58	0,9	64	16	11	24	
BANTOE	1,8	23	0,3	77	20	14	30	
TOTAAL	19,6	247	7,8	32	8	6	12	
	100	1 262	11,4	110	28	19	41	

Tabel 2

PERSOONLIKE INKOMSTE VAN DIE VERSKILLENDÉ BEVOLKINGSGROEPE VIR 1960 - TEEN HEERSENDE PRYSE

Pers. aandeel in persoonlike inkomste	Persoonele inkomste	Bevolking	Per capita persoonlike inkomste	Res i.t.v. Blankes se inkomste	Res i.t.v. Eng. se inkomste	Res i.t.v. Afr. se inkomste	
	R milj.	milj.	R	R	R	R	
	1	2	3	4	5	6	7
BLANKES	70,0	2 576	3,1	831	100	70	123
ENGELSE	37,00	1 365	1,3	1 050	126	100	156
AFRIKANERS	33,0	1 211	1,8	673	81	64	100
KLEURLINGE	5,5	203	1,5	135	16	13	20
ASTIERS	2,0	74	0,5	14,8	18	14	22
SWARTE	22,5	827	11,6	71	9	7	11
TOTAAL	100	3 680	18,5	200	24	19	31

Tabel 2

PERSONLIE INKOMSTE VAN DIE VERSKILLEND BEVOLKINGSGROEPE VIR 1960 - TEEN JHEERSENDE PRYSE

Pers. aandeel in persoonlike inkomste	Persoonlike inkomste	Bevolking	Per capita persoonlike inkomste	Res i.t.v. Blankes se inkomste	Res i.t.v. Eng. se inkomste	Res i.t.v. Afr. se inkomste
R milj.	R milj.	R				
1	2	3	4	5	6	7
BLANKES						
70,0	2 576	3,1	831	100	70	123
ENGELSE	37,00	1 365	1,3	1 050	126	100
AFRIKANERS	33,0	1 211	1,8	673	81	64
KLEURLINGE	5,5	203	1,5	135	16	13
ASIERS	2,0	74	0,5	14,8	18	14
SWARTE	22,5	827	11,6	71	9	7
TOTAAL	100	3 680	18,5	200	24	19
						31

Tabel 2
PERSOONLIKE INKOMSTE VAN DIE VERSKILLEND BEVOLKINGSGROEPE VIR 1960 -
TEEN HEERSENDE PRYSE

Pers. aanderel in persoonlike inkomste	Personlike inkomste	Bevolking	Per capita persoonlike inkomste	Res i.t.v. Blanke se ink.	Res i.t.v. Eng. se Afr. se inkomste	Res i.t.v. 1. t.v. Eng. se inkomste
R milj.	milj.	R	R	1	2	3
				4	5	6
BLANKES	70	2 576	3,1	831	100	70
ENGELSE	37	1 365	1,3	1 050	126	100
AFRIKANERS	33	1 211	1,0	673	81	64
KLEURLINGE	5,5	203	1,5	135	16	13
ASIERS	2,0	74	0,5	148	18	14
SWARTEES	22,5	827	11,6	71	9	7
TOTAAL	100	3 680	18,5	200	24	19
				31		31

Tabel 3 DIE PERSONONLIKE INKOMSTE VAN DIE VERSKILLEND BEVOLKINGSGROEPE IN 1976 - TEEN HEERSENDE PRYSE

Pers. aandeel in persoonlike inkomste	Persoonlike inkomste	Bevolking	Per capita persoonlike inkomste	Res i.t.v. Blankes se inkomste	Res i.t.v. Eng. se inkomste	Res i.t.v. Afr. se inkomste
R milj.	R milj.		R	R	R	R
1	2	3	4	5	6	7
BLANKES						
63,0	12 914	4,1	3 150	100	88	124
ENGELSE						
31,5	6 475	2,5	3 587	114	100	140
AFRIKANERS						
31,5	6 475	1,8	2 538	82	71	100
KLEURLINGE						
7,6	1 558	2,5	623	20	17	25
" ASIERS						
2,7	553	0,75	737	23	20	29
SWARTE S						
26,7	5 474	18,0	304	10	8	12
TOTAAL	100	20 500	24,35	842	27	23
						33

Tabel 3 DIE PERSOONLIKE INKOMSTE VAN DIE VERSKILLEND BEVOLKINGSGROEPE IN 1976 - TEEN HEERSENDE PRYSE

Pers. aandeel in persoonlike inkomste	Personlike inkomste R milj.	Bevolking milj.	Per capita persoonlike inkomste R	Res i.t.v. Blankesse inkomste R	Res i.t.v. Eng. se inkomste R	Res i.t.v. Afr. se inkomste R	
1	2	3	4	5	6	7	
BLANKES	63,0	12 914	4,1	3 150	100	88	124
ENGELSE	31,5	6 475	2,5	3 587	114	100	140
AFRIKANERS	31,5	6 475	1,8	2 538	82	71	100
KLEURLINGE	7,6	1 558	2,5	623	20	17	25
ASIËRS	2,7	553	0,75	737	23	20	29
SMARTES	26,7	5 474	10,0	304	10	8	12
TOTAAL	100	20 500	24,35	842	27	23	33

Tabel 3

DIE PERSONONLIKE INKOMSTE VAN DIE VERSKILLEND BEVOLKINGSGROEPE IN 1976 -

TEEN HEERSENDE PRYSE

Pers. aandeel in persoonlike inkomste	Persoonlike inkomste	Bevolking	Per kapita persoonlike inkomste	Res i.t.v. Blanke se ink.	Res i.t.v. Eng. se inkomste	Res i.t.v. Afr. se inkomste
R milj.	milj.	R	R	R	R	R
1	2	3	4	5	6	7
LANKES						
63	12,914	4,1	3 150	100	88	124
ENGELSE						
31,5	6 475	2,5	3 587	114	100	140
AFRIKANERS						
31,5	6 475	1,8	2 538	82	71	100
KLEURLINGE						
7,6	1 558	2,5	623	20	17	25
ASIENS						
2,7	553	0,75	737	23	20	29
SWARTE						
26,7	5 474	18,0	304	10	8	12
TOTAAL	100	20 500	24,35	842	27	33

INVOERE

DIE OMVANG EN RIGTING VAN S.A. SE BUITELANDSE
HANDEL VIR 1976 T.O.V. DIE BELANGRIKSTE HANDELSVENNOTE*

	<u>Omvang Rm.</u>	<u>% Totale Invoere</u>
Verenigde Koninkryk	900	21,5
V.S.A.	1057	25,3
Wes-Duitsland	907	21,7
Japan	507	12,1
Italië	182	4,3
Frankryk	183	4,3
Kanada	76	1,8
Nederlande	124	3,0
Switserland	102	2,4
Swede	75	1,8
Australië	<u>74</u>	<u>1,8</u>
	4187	100,0
	=====	=====

UIMVOERE

DIE OMVANG EN RIGTING VAN S.A. SE BUITELANDSE
HANDEL VIR 1976 T.O.V. DIE BELANGRIKSTE HANDELSVENNOTE*

	<u>Omvang Rm.</u>	<u>% Totale Invoere</u>
Verenigde Koninkryk	832	31,4
V.S.A.	374	14,0
Wes-Duitsland	402	15,2
Japan	413	15,6
Italië	118	4,5
Frankryk	118	4,5
Kanada	118	4,5
Nederlande	102	3,8
Switserland	119	4,5
Swede	23	0,9
Australië	<u>30</u>	<u>1,1</u>
	2649	100,0
	=====	=====
Plus goud	<u>2346</u>	
	<u>4995</u>	

Bron: Maandelikse Uittreksel van Handels-
statistieke Jan-Okt. '77 deur Dept. Doeane en Aksyns R.S.A.

S.A. INTERNASIONALE HANDEL:*

Uitsluitende goud, olie en krygstuig - Desember 1977

Trends - gereelde publikasie van die BEO Universiteit
van Stellenbosch Februarie 1978.

Invoere (R.m.)

	<u>1976</u>	<u>1977</u>	<u>R'm</u>	<u>%</u>
Europa	3201	2821	380	11,9
Amerika	1400	1087	313	22,4
Oseanië	95	66	29	30,5
Afrika	306	287	19	6,2
Asië	835	844	9	1,1
Ongeklassifiseerde goedere	22	22	-	-
	<u>5859</u>	<u>5127</u>	<u>732</u>	<u>12,5</u>

Uitvoere (R.m.)

	<u>1976</u>	<u>1977</u>	<u>R'm</u>	<u>%</u>
Europa	2514	3072	558	22,2
Amerika	705	1074	369	52,3
Oseanië	48	54	6	12,5
Afrika	454	525	71	15,6
Asië	781	1041	260	33,3
Ongeklassifiseerde goedere	3	2	1	33,3
	<u>4533</u>	<u>5804</u>	<u>1271</u>	<u>28,0</u>

* Bron: Trends: 'n Statistiese ontleding van Ekonomiese tendense deur BEO van Stellenbosch. Februarie 1978